**Afrikaanse Gemeente UAE**

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
www.dubaigemeente.com
Jaargang 4

# Kom deel saam in 24-Uur Gebedswag en Ramadan Gebedsfokus

## 24 Uur Gebedswag eerskomende Woensdag 28 Julie 2010.

**Billy Graham** het 'n kragtige evangelisasie bediening gehad en 1000de mense is na die Here gelei. Hy gee die volgende verduidelikking daarvoor: **"Daar is drie bestanddele wat beslissend was in ons saamtrekke. Die eerste is gebed. Die tweede is gebed. En die derde en laaste bestanddeel is gebed!"**

Kom deel saam in ons gebedswag volgende week. Ons bid vir verskeie belangrike sake rakende ons gemeente met die oog op 2010/2011. Voltooi info agterop die preeknotas

## RAMADAN

***begin om en by op Woensdag 11 Augustus tot 9 September 2010.***

**OPROEP aan alle Christene om vir die 1.57 biljoen Moslembevolking wêreldwyd te bid vir bekering to Jesus Christus.**

***ONS GEMEENTE SE 30 DAE RAMADAN GEBEDSFOKUS vir 2010*** geskied hierdie jaar aan die hand van Andrew Murray se boek: ***Met Christus in die Skool van Gebed***. Dit sal ook in Engels beskikbaar wees. In die voorwoord tot hiedrie boekie skrywe Andrew Murray as volg:

Duisende gelowiges het gedurende die afgelope jare 'n onuitspreeklike seën ondervind deur te leer hoe volkome Christus ons lewe is, en hoedat Hy onderneem om alles te wees en alles in ons te doen wat ons nodig het. Ek weet nie of ons al geleer het om hierdie waarheid op ons gebedslewe toe te pas nie. Baie kla dat hulle nie die krag het om die geloofsgebed te bid, om die gebed te bid wat groot krag het nie. Die boodskap wat ek verlang om te bring is dat die dierbare Jesus wagtend en verlangend is om dit aan hulle te leer. ***Christus is ons lewe***: in die hemel leef Hy om altyd in te tree; *Sy lewe in ons is 'n lewe van voortdurende gebed*, as ons Hom maar net hieroor wil vertrou. ***Christus leer ons bid nie net deur, voorbeeld, deur onderrig, deur bevel, deur beloftes nie, maar deur Homself aan ons te toon, die Een wat altyd leef om vir ons in te tree, as ons Lewe.*** Dit is wanneer ons dit glo en in Hom ook gaan bly vir ons gebedslewe dat ons vrees dat ons nie reg sal kan bid nie, verdwyn, en dat ons die Here met blydskap en oorwinning sal vertrou om ons te leer bid, om self die lewe en krag van ons gebed te wees.

Mag God ons oë oopmaak om in te sien wat die heilige bediening van voorbidding is waartoe ons, as sy Heilige Priesterdom, afgesonder is. Mag Hy ons hart verruim en versterk om te glo watter magtige invloed ons gebede kan uitoefen. En mag alle vrees, wat, ons mag oorval dat ons nie ons roeping kan vervul nie, verdwyn namate ons Jesus sien, wat altyd leef om te bid en wat virons gebedslewe borg staan.

***Andrew Murray 28 Oktober 1885***

***GEBEDSRIGLYNE VIR RAMADAN***

***Gedurende die 31 DAE RAMADAN GEBEDSFOKUS en in aansluiting by die boekie van Andrew Murray, sal daar ook 'n 30-dae gebedsboekie voorsien word wat riglyne bevat, waaroor ons vir Moslems bid tydens hulle maand van vas.*** Tydens ons weeklikse bidure, ons selgroepe asook in ons 24 Uur Gebedsfokus sal ons hierdie gebedsboekie gebruik om vir die bekering van Moslems te bid. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om kinders te leer om te bid vir mense wat die Here nie ken nie.

## Mannekonferensie

**word beplan vir die laaste week in Oktober of die eerste week in November 2010.** Ons beplan dit rondom die Vrydag middag en die Saterdag. Die reëlings vir die beplanning is aan die gang en ons vra die gemeente se

---

**AFSKEURSTROKIE**

**RAMADAN Gebedsfokus**

**Naam en Van** _____

Ek onderneem om gedurende die Ramadan Gebedsfokus op die volgende vaste tyd te bid

**VASTE Tyd:** _____

**Of**

Ek sal tydens Ramadan bid maar nie op 'n vaste tyd nie. Dui slegs met regmerkie hieronder aan.

**Nie op vaste tyd nie**_____

**EPOS:**_____

**Handig ASseblief in by 'n kerkraadslid**